

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Januarie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 90:2, 7 (p. 454)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
- 7 Maar wie kan leef met enkel voort te klae?... / Leer ons dan so te tel ons lewensdae
dat wysheid ons kan voortlei in ons gange, / ons hart kan vul met dankb're lofgesange.
Hoe lank, o HEER?... Ons dae gaan verby! / Keer tot ons weer, betoon ons medely!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁿ in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Genesis 11:27-12:9

Kernverse: Genesis 12:1-3

En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.
(Genesis 12:1-3 AFR53)

Tema: Met geloof kan ons vorentoe, die HERE maak 'n nuwe begin moontlik

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die eerste week van Januarie 2018 is verby. Daar is nog een en vyftig weke wat vir ons voorlê in hierdie jaar. Sommige sien met gespanne verwagting daarna uit dat die jaar sy loop moet neem, want hulle begin hulle skoolloopbaan vanjaar of hulle betree hulle laaste jaar van skool. Vir baie ander, miskien meer van ons groot mense, is daar ook 'n huiwering so aan die begin van die nuwe jaar. Jy

vra jouself dalk af: Wat sal die jaar oplewer? Sal dit beter gaan as verlede jaar of sal dit maar op die ou trant aangaan?

Afwagting en huiwering is die tipiese gevoelens wat mense het by die begin van 'n nuwe jaar. Daar is afwagting, want die lewe bruis in die jongmense. Daar is huiwering, want die lewe het al sy kwota teleurstellings in jou skoot laat val. Vir die jongmense is die nuwe jaar 'n uitdaging wat hulle sommer wil stormloop, maak nie saak hoe dit vorentoe lyk nie. Die ander wat nie so halsoorkop in 'n ding instorm nie, tree maar versigtig vorentoe, omdat hulle nie weet hoe dit vorentoe lyk nie.

Broers, susters en kinders, dit maak nie saak hoe dit vorentoe lyk nie, een ding weet ons verseker: Hierdie jaar kom vir ons uit die Here se hand – dat ons kan lewe is genade uit God se hand. Dat ons 'n nuwe jaar kan begin, is nie maar iets wat sommer sou gebeur het nie. Dit is net so 'n groot stuk genadegawe wat ons van die Here ontvang. En Hy beveel ons hierdie jaar in met al sy geleenthede en vermeende moeilikhede. Met hierdie woorde in Genesis lei die Heilige Gees ons om te begryp hoe ons as gelowiges die nuwe jaar tegemoet sal gaan.

Kom ons neem eers die lyn vanaf Genesis 1 tot 11 in oënskou. Dan sal ons ook die rykdom van God se genade en sorg wat in ons kernverse geopenbaar word kan raaksien. Die eerste elf hoofstukke van die Bybel word gekenmerk deur oordele en genadedade van die Here. In die derde hoofstuk van Genesis kry ons al met die eerste oordeel van die Here te doen. Die mens en sy vrou word uit die paradys verdryf en tot moeite geoordeel oor hulle opstand teen God. Maar daar is ook genade – hulle sterf nie dadelik nie. Hulle mag nog lewe en kinders hê, want die beloofde saad van die vrou moet die slang se kop vermorsel.

Groot is die teleurstelling as die oudste seun van Adam-hulle sy broer vermoor en nie oor die sonde heers nie. Op Kain val die oordeel dat hy 'n swerwer sal wees. Maar ook aan hom bewys die Here genade. Hy kry 'n teken sodat niemand hom oor Abel se dood sal doodmaak nie. As Set gebore word en hy en sy nageslag roep die Naam van die Here aan, begin 'n mens verlig voel. Daar is darem nog mense wat die Here se genade met geloof en gehoor-saamheid beantwoord. Maar as hulle met Kain se nageslag in aanraking kom, ontaard die hele mensdom. Met hulle eie vernuf is hulle in hulle eie oë manne van naam, vername mense met wie daar rekening gehou moet word. Maar dit is mense wat die Here se weë verlaat. Hierop volg die Here se oordeel, 'n swaar oordeel wat die Here ook diep raak. Hy verdag al wat lewe op die aarde, mense en diere. Maar weer 'n keer bly die genadedaad van God nie uit nie. Noag is deur die Here begenadig. In die dik stroom van ongeloof en ongehoorsaamheid is daar 'n dun straaltjie mense, agt in totaal, wat die Here se genade met geloof en gehoorsaamheid beantwoord. Hulle word deur die Here in die ark bewaar deur die sondvloed heen, want met hulle wil die Here voortgaan.

Na die sondvloed gaan die Here inderdaad voort met hierdie mense wat Hy in die ark behoue laat bly het. Hy seën hulle oorvloedig, want uit die drie seuns van Noag bevolk die Here die aarde weer. Maar groot is die teleurstelling as hierdie mense wat so in die genade van die Here deel juis die gawe wat die Here aan hulle gegee het teen Hom gebruik. Met hulle een taal wil hulle nie die Here se opdrag uitvoer om die hele aarde te bewoon nie. Hulle wil eerder bymekaar bly en vir hulleself 'n naam maak. Op hierdie hardkoppigheid van die mense volg die Here se oordeel weer. Hy verwar die mense se taal sodat hulle oor die hele aarde moet versprei. Maar anders as die ander kere by die Here se oordeel, staan die genadedaad van die Here nie duidelik voorop nie. Die Here se

genade is so weggesteek by hierdie oordeel dat 'n mens by die deurlees van hoofstuk 11 wil vra: Waar is die genade nou? Gaan die Here sy mense nou sommer maar net los?

Nou lyk dit ook nog asof die nageslag van Sem op 'n doodloopstraat afstuur. Sem se nageslag loop uit op Tera en sy drie seuns, Abram, Nahor en Haran. Haran sterf egter in Ur van die Galdeërs, maar hy het darem 'n seun, Lot, en twee dogters, Milka en Jiska. En as Tera uit Ur van die Galdeërs wegtrek, neem hy net vir Abram en sy vrou Sarai en sy klein-seun Lot saam met hom. En dan word hierdie veelseggende woorde gespreek: Sarai was onvrugbaar. En asof dit nie genoeg is, slaan die Heilige Gees dit nog dieper in wanneer Hy byvoeg, sy het nie kinders gehad nie. Nog 'n maal wil jy vra: Waar is die Here se genade dan nou? Was Noag se lof en prys aan die Here, die God van Sem, net 'n mens se woorde, want hier verdwyn die straaltjie van mense wat die Here nog dien by 'n man met 'n on-vruggbare vrou? Die Heilige Gees noem nie eers die nageslagte van Sem se ander seuns nie, en dié wat wel genoem word kom ons later teë onder die ongelowiges en heidene.

En Tera se wegtrek uit Ur uit sou nie baie help om die diens aan die ware en enigste God van hemel en aarde by die mense lewendig te hou nie. Haran, die stad waar hy saam met Abram-hulle gaan woon, is net so 'n groot sentrum van afgodsdienste as Ur. In albei hierdie stede is die maangod aanbid. Ook hierdie dinge laat 'n mens vra: Waar bly die genade van die Here? Gaan Hy nou maar toesien dat sy diensknegte wegsterf – geen nageslag nie en dan bly hulle ook nog tussen die heidene.

Dan, geliefdes, hoor ons hierdie woorde:

En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis na die land wat Ek jou sal wys. (Genesis 12:1 AFR53)

Vir die eerste keer sedert Noag praat die Here weer met sy mense persoonlik. Die genade van die Here bly inderdaad nie uit nie. Hy is steeds besorg oor sy mense en Hy versorg hulle steeds. God se mense mag nie tussen die heidene bly en gevaar loop om deur die heidene in afgodery afgetrek te word nie. Daar was niks besonders aan Abram en Sarai wat die Here daartoe sou dwing om met Abram te praat nie. Die Here wil met sy mense verder gaan. Hy wil die eerste belofte van die nageslag van die vrou wat die slang se kop vermorsel vervul. Daarom het die Here vir Abram gekies en roep Hy hom alleen weg van alles wat aan hom bekend is.

Die Here beveel Abram uit sy land uit. Daar kon geen twyfel by Abram wees dat die Here met hom persoonlik gepraat het nie. Die Here eis: Gaan jy uit jou land uit. Abram is al uit sy geboorteland uit, naamlik uit Ur van die Galdeërs. Maar hy bly al so lank in Haran dat Haran sy tweede vaderland geword het. Om uit sy land uit te trek, was nie vir Abram vreemd nie. Hy het dit al gedoen. Maar die Here se bevel sny nog verder. Abram moet ook uit sy familie uittrek. Dit het Abram ook al tot 'n groot mate gedoen. Hy het saam met sy pa, sy vrou en sy neef Lot tot by Haran getrek waar hulle al 'n geruime tyd gebly het. Die res van Abram se familie het nog in Ur gebly. Dus is dit ook nie vir Abram vreemd om uit sy familie uit te trek nie.

Maar die Here se bevel sny nog baie dieper as dit. Abram moet ook uit sy vader se huis uittrek. Vir ons klink dit nie so vreeslik om uit jou pa se huis uit te trek nie. Die meeste van ons doen dit wanneer ons klaar is met skool of klaar gestudeer het. Maar vir die Oosterling is die uittrek uit jou pa se huis baie meer ingrypend. Om uit jou pa se huis uit te trek, het beteken dat jy die lewe ingaan sonder die beskerming wat jy geniet het. Jou pa se huis het immers nie net uit die gesin bestaan nie, maar uit al die slawe ook. En baie van hierdie

slawe was saam met die hoof van die huis die beskermers van die huis. Hulle was soms so baie dat hulle selfs 'n oorlog kon voer. En vir mense wat met hulle vee van die een weiplek na die volgende getrek het, was dit nodig om 'n groot groep mense in jou huis te hê vir beskerming.

Met hierdie diep snydende opdrag beveel die Here vir Abram uit sy vader se huis uit. Hy moet uit alle menslike beskerming uittrek. Met Abram alleen wil die Here verder gaan. Die Here gee egter nie 'n rede hoekom Abram moet uittrek nie. Die Here is immers nie aan die mens 'n rede verskuldig nie. Ons wat so baie eeue na Abram en na Christus leef, kan deur die kruis van Christus heen terugkyk op hierdie opdrag van die Here en ons kan die rede verstaan. Maar Abram kry geen rede nie. Hy word alleen deur die Here aangesê om uit te trek na die land wat die Here hom sal wys. Die naam van die land word nie eers genoem nie. Daarom is dit te verstane dat die skrywer van die Hebreërbrief kon sê dat Abram weggetrek het op bevel van die Here sonder dat hy geweet het waar hy sou uitkom.

Broers, susters en kinders, die Here voeg hierdie nuwe jaar aan ons lewens toe. Hoe dit vorentoe lyk, weet nie een van ons nie. Dit is vir ons net so onbekend as wat die lewe vir Abram buite sy vader se huis onbekend was. Ons weet ten minste waar ons bly, maar Abram het nie eers geweet na watter land die Here hom laat trek nie.

Op die eis om weg te trek, volg die Here se vyfvoudige belofte. Die Here begin: Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. In aansluiting by die land waarheen die Here Abram wil laat trek, kom hierdie eerste belofte: Ek sal jou 'n groot nasie maak. Die land wat die Here aan Abram toesê, veronderstel tog dat daar mense moet wees om die land te bewoon en te bewerk. Oor watter mense die land sal bewoon, kan daar geen twyfel wees nie. Die Here gaan Abram 'n groot nasie maak. Abram se nageslag sal die land bewoon. Hoe daar 'n nageslag gaan wees, word nie gesê nie. Abram weet ook nie, maar een ding weet hy – sy vrou is onvrugbaar, sy het nie kinders gehad nie.

As die Here vandag vir ons sou sê wat Hy met elkeen van ons en met ons as sy kerk aan die einde van hierdie jaar sal bereik het, sal ons ook verslae staan. Ons sou ook nie kon weet hoe dit sal kan gebeur nie. Maar die Here beveel ons die jaar in.

Die Here volg die eerste belofte met die onontbeerlike belofte op: En Ek sal jou seën. Sonder die seën van die Here kan ons niks doen nie. Sonder die Here se seën sal selfs sy gawes aan ons ons nie tot voordeel wees nie. Die Here se seën beteken dat Hy naby sy mense

sal wees, dat Hy hulle sal versorg en dra, dat Hy hulle met sy liefde sal omvou en met sy krag sal vul. En wanneer die Here 'n mens seën, maak Hy ook daardie mens se naam groot. Voor en na die sondvloed wou die mense sonder God met hulle eie vermoëns en vernuf-tigheid vir hulleself naam maak. Hulle wou hulleself bekend laat wees op die aarde en hulleself laat geld.

Maar die Here se mense het nie nodig om hulleself te laat geld nie. Die Here maak sy mense se naam groot. Deur die Here se krag en seën op die mens, maak die Here sy kinders bekend op die aarde sodat hulle 'n seën sal wees. Abram kon die seën van die Here op hom nie maar net vir homself en sy mense hou nie. Hy moet 'n seën vir ander wees. Die seën wat op Abram rus, bestaan in die eerste plek uit die groot nasie wat hy gaan word deur die Here se toedoen. Maar dit bestaan ook daarin dat die Here Homself met Abram verbind. Abram word die draer van die Here se Naam. En as draer van die

Here se Naam, moet hy 'n seën vir ander wees. Die vrede wat God met die mense wil hê, moet deur Abram uitgedra word. En waar mense hierdie vrede merk en dit aanvaar, deel hulle in die seën, want die Here seën hulle. Maar waar mense die vrede van God nie wil aanvaar nie, nie van die Here wil sien of hoor nie en uiteindelik die draer van die Here se Naam vervloek, sal hulle deur die Here vervloek word.

Maar vloek en oordeel is nie die Here se laaste woord vir die mensdom nie. Die laaste van die vyfvoudige belofte is: en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. Die Here wil nie net met Abram en sy nageslag verder gaan nie. Die Here wil met die mensdom verder gaan en Hy wil sy seën oor die hele mensdom uitbrei. Uit die groot nasie wat Abram gaan word, gaan die Here uiteindelik die beloofde nageslag van die vrou laat kom wat die slang se kop vermorsel. Na baie eeue het die Here hierdie belofte waar gemaak. Uit Abram se nageslag is Jesus Christus uiteindelik gebore. Hy het die slang se kop op Golgota vermorsel nie net vir Abram en sy nageslag nie, maar vir die hele mensdom. Christus se offer aan die kruis het 'n seën meegebring vir elke volk, taal en nasie op die aarde. Hy het die vrede herstel tussen God en die mense, sodat alle mense die genade van God mag ondervind deur die geloof in Jesus Christus.

Broers, susters en kinders, ons is in die bevoorregte posisie dat ons deur die Heilige Gees kinders van God gemaak is deur die geloof in Jesus Christus. Ook ons is die nageslag van Abram. En as ons aan die begin van hierdie jaar staan met al die onbekende daaraan verbonde, het ons 'n geskiedenis van baie eeue agter ons waarin God gewerk het. Al die beloftes wat die Here destyds aan Abram gemaak het, het Hy vervul. Ons het Jesus Christus as ons Verlosser en as die bewys van God dat Hy betroubaar is.

As die Here ons dan in hierdie nuwe jaar in beveel, doen Hy dit met sy seën wat op ons rus. Hy seën ons sodat ons vir ander mense 'n seën sal wees. Ons is draers van Christus se Naam en vrede en liefde wat Hy aan ons gee. Laat ons hierdie seën in hierdie jaar indra op bevel van die Here. Abram het op bevel van die Here getrek, maar met die belofte van die Here saam met hom gaan. Abram het met sy geloof in God die onbekende in gewaag. Met geloof in God gaan ons die nuwe jaar in met vertroue in die Here, want Hy maak die nuwe begin vir ons moontlik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 23:1, 2, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Januarie 2018